ONS NUUSBRIEF

GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

10 Desember 2017 Nr 49

Predikant:	*Ds Kobus Botha* 051 436 2930/082 410 7447	**Skriba**:	*Wikus Vorster* 051 436 3213/083 475 6777
Orrelis:	*Lourie Coetzee* 083 776 6989	**Kerkkantoor**:	Tel en faks: 051 436 2932
		Kantoorure:	Ma 15:00-18:00; Woens 08:00-11:00 Vry 08:00-11:00
Diakonie:	Voorsitter: *Cobus Venter* 082 055 7083	**Posadres**:	Posbus 28182, DANHOF 9310
		E-posadres:	kantoor@gkbfnnoord.co.za
Susters:	Voorsitter: *Ester Botha* 072 784 9451	**Webwerf**:	www.gkbfnnoord.co.za
		Bankbesonderhede beskikbaar by kerkkantoor	
Bybelstudie	*Hennie de Bruin* 051 436 6745/082 335 2030	**Kassier**:	*Hannes Fourie* 051 451 1946/082 923 5412
Lesotho Uitreik/ Evangeliesasie:	*Dirk Coetzee* 082 78 1993	**Koster**:	*Hannes Carstens* 064 498 2583

VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar.

10 Des:	Sr Charlotte Harvey	051 436 8679	13 Des:	Nelmé Opperman	051 441 7477
	Sr Magda du Plessis	083 286 2651		Joanelle Venter	078 536 9438
13 Des:	Sumari Janse van Rensburg	082 335 5124			

SR JOHANNA COETZEE OORLEDE

Met leedwese word die afsterwe aangekondig van

sr Cornelia Johanna Coetzee

van Bayswater Nasorgsentrum in Monsweg op Vrydag 1 Desember 2017 in die ouderdom van 77 jaar en drie maande. Sy het in September 2015 vanaf Bloemfontein-Suid by ons aangesluit toe sy in Baywater Nasorgsentrum opgeneem is. Ons harte gaan uit na haar kinders en ander familie en bid hulle die nabyheid van ons Hemelse Vader toe! Die troosdiens is Vrydagmiddag in ons kerkgebou gehou.

AANDDIENSTE IN DIE VAKANSIE

Vanaf vanaand tot en met Sondag 14 Januarie 2018 sal daar nie aanddienste in ons kerkgebou gehou word nie. Lidmate kan wel die gesamentlike aanddienste van die suidelike Gereformeerde Kerke bywoon. Vanaand en ook die 17de, die 24ste en 31ste Desember sal die dienste in die kerkgebou van ***Bloemfontein-Suidheuwels*** in Onze Rustsingel om 18:00 gehou word. Die aanddienste in Januarie 2018 word gehou in die kerkgebou van ***Bloemfontein-Suid*** in die ou Haldonweg, ook om 18:00.

DS KOBUS MET VERLOF

Ds Kobus sal nog vanoggend die erediens lei waarna hy en sy gesin later hierdie week ***tot 23 Desember*** met verlof uitstedig sal wees. (*Ja, sy program het effens verander*). Ons hulpdienspredikant, dr Frans de Bruyn sal in ds Kobus se afwesigheid die eredienste waarneem en ook beskikbaar wees vir enige situasie. Die rooster sien as volg daaruit:

Saterdag 16 Desember
Versoeningsdag. Geloftediens om 09:00 – dr Frans

Sondag 17 Desember
Erediens om 09:30 – dr Frans

Sondag 24 Desember
Erediens om 09:30 – ds Kobus

Maandag 25 Desember
Kersdiens om 09:00 – ds Kobus

Sondag 31 Desember
Erediens om 09:30 – ds Kobus

Sondag 7 Januarie Erediens om 09:30 – ds Kobus

Sondag 14 Januarie
Erediens om 09:30 – dr Frans, terwyl ds Kobus die Algemene Sinode te Potchefstroom bywoon.

Die skole heropen weer op 17 Januarie 2018 waarna ons die normale patroon sal volg.

Die katkisasieklasse vir die Voorskoolse- en Laerskoolkinders open DV op ***21 Januarie 2018*** en dié vir die Hoërskooljongmense begin weer op ***25 Januarie 2018***.

Ons wens ds Kobus en sy gesin alles van die beste toe wanneer sy verloftyd hierdie week aanbreek en vertrou dat hy baie goed sal uitrus en verkwik sal terugkeer. Hy verdien werklikwaar hierdie ruskans want om in so ’n groot Gemeente te werk en dit met soveel oorgawe te doen, verg baie!

LIDMAATREGISTER

Met attestasie het vertrek na die Gereformeerde Kerk Mafikeng:
Br Gert-Jan van der Walt van Monsweg 9 noudat hy sy studies vir die B Sc Agric-graad voltooi het.

DEURKOLLEKTES

Vandag se deurkollektes sal vir ***Bybelverspreiding*** afgesonder word.

Volgende Sondag se deurkollekte is bestem vir. die GKSA se ***Emeritaatsfonds.***

ONS DINK AAN …

Br Frik en sr Sinta van Sittert van Constantiapark met die oorlye van br Frik se 86-jarige swaer van Potchefstroom. Mag die Here hulle en hul familie in hierdie dae besonder naby wees.

JONGMAN BENODIG LOSIES

Ons is gevra om bekend te maak dat die Pres Kruger Kinderhuis te Reddersburg blyplek soek vir ’n seun wat werk gekry het by die Protea Hotel naby Mimosa Mall. Tree asseblief met die Maatskaplike Werker, Leigh Johnson, by 071 432 8741 in verbinding as iemand dalk kan help.

HERSTELWERK AAN ORREL

Die herstelwerk aan die orrel bring heelwat ongerief teweeg, soos die feit dat daar nie juis sitplek op die galery sal wees nie omdat van hul gereedskap ens daar geberg word. Ons sal vandag sonder begeleiding sing, maar ds Kobus sing so goed vóór, dat ons soos altyd lekker gaan saamsing!

GKSA ALMANAK 2018

Die Almanak van die GKSA 2018 is in die konsistorie by die spieël teen R80 beskikbaar. Dis ’n selfhelpsituasie en daar is kleingeld gereed.

JAARPROGRAM/KALENDER 2018

Die Jaarprogram/Kalender vir 2018 is gratis in die voorportaal beskikbaar.

HARTLIK GELUK AAN …

Oudl Foch-Henri de Witt wat Donderdag sy Phd-graad in Dierevoeding (pluimvee) verwerf het. Dis ’n pragtige prestasie! Dr Foch-Henri is ’n dosent in die department Vee-, Wild- en Weidingkunde aan UV. Baie geluk ook aan ***sr Nicolene*** wat hom ondersteun het. Seënwense word hulle toegebid!

ONS DINK AAN …

Sr Judy du Plessis van Jutastraat wat ernstig siek is. Ons dra haar en ***br Martiens*** op aan die Genadetroon van ons Hemelse Vader dat Hy hulle kennelik naby sal wees!

BEROEPENUUS

BEROEP BEDANK

Ds CJ (Innes) Nagel van Louis Trichardt na Pretoria-Magalies-kruin

BEROEPE ONTVANG

Prop SA de Villiers na Grootfontein EN na Harrismith

Ds GJ (Gert) Erasmus van Komati-poort na Pretoria-Magalieskruin

Prop DJ Maritz na Pretoria-Brooklyn as medeleraar

Ds GP (Gerhard) van Rhyn van Riet-vallei na Pretoria-Annlin as mede-leraar

Prop GA Venter na Krokodilrivier as medeleraar

LITURGIE VANOGGEND

Skriflesing: ***Luk 2:21-40***
Teksverse: ***Luk 2:29-31***
Voorafsang: ***Lb 334:1-4; Lb 365:1,3***
Sang***: Ps 8:1,3,4***
Sb 5-4:1,2
Sb 7-2:1,2
Sb 11-2:1,2,4

DIENSTE OP GELOFTEDAG EN KERSDAG

Soos vroeër reeds op p 2 genoem, sal daar DV e.k. Saterdag 16 Desember 2017– Versoeningsdag – om 09:00 'n ***Geloftediens*** in ons kerkgebou gehou word wat deur dr Frans de Bruyn gelei sal word. Ons lidmate word aangemoedig om hierdie diens wat ook wyer bekend gestel gaan word, by te woon en u vriende daarvan te vertel. Ons besef dat dit net 'n dag vóór Sondag is, maar ons wil graag dié Gelofte gestand doen! Die kollekte wat opgeneem sal word, is bestem vir *Bybelverspreiding*.

Op Maandag 25 Desember 2017 sal daar DV 'n ***Kersdiens*** om 09:00 in ons kerkgebou gehou word wat deur ds Kobus waargeneem sal word en waar die kollekte weer vir *Bybelverspreiding* opgeneem sal word. Hierdie diens is 'n dag ná Sondag, maar aangesien die geboorte van Jesus Christus, ons Verlosser en Saligmaker vir ons so belangrik is en ons daardie dag graag saam met ons gesins- en familielede wil deurbring, is hierdie diens so geskeduleer. Baie dankie vir almal se meelewing.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
En Jesaja sê ook:
"Isai sal 'n nakomeling hê,
en Hy sal opstaan om
die nasies te regeer;
op Hom sal die
nasies hul
hoop vestig."
Rom 15:12 NAV Lees ook Jes 11:1.0